

MODULE 12

BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW) van 15%

Die verskillende vorme van belasting soos indirekte en direkte belastings en belastingkoerse.

In hierdie module moet jy die volgende verstaan en in staat wees om te doen:

- BTW berekeninge uit te voer:
 - Gebruik die huidige standaard BTW-koers.
 - Voeg BTW by kosprys plus die winsopslagbedrag.
 - Bereken BTW uit die bedrag wat BTW insluit (inklusief).
 - Gebruik die faktuurbasis.
- Begryp die verskil tussen die faktuur- en ontvangsbasis.
- Begryp die invloed van BTW wat verband hou met oninbare skuld, korting en teruggestuurde goedere.
- Integreer etiek wat met BTW verband hou – BTW-bedrog, ens.
- Integreer interne oudit en interne kontroleprosesse rakende invordering van BTW van klante en BTW-betalings aan SAID.

Die basiese beginsels van BTW is in graad 10 behandel en bespreek. Voordat met hierdie module begin word, is dit nodig om jou vooraf kennis te bepaal om te verseker dat jy die basiese vaardighede en kennis het om met die graad 11 werk te begin.

TAAK 12.1

SAID en BTW: Grondlynassessering

Die taak is geskik vir groep- en maatassessering.

Rolspel

Jy is tans in diens van SAID (Suid Afrikaanse Inkomstediens) in hulle Openbare Betrekking Departement waar jy inligting aan voornemende kliënte ten opsigte van BTW gee. 'n Jong entrepreneur kom na jou toe vir raad en daar word van jou verwag om die volgende vrae te beantwoord.

1. Hoekom hef die Suid-Afrikaanse Regering belasting op die inwoners van die land?



2. Watter tipes belasting word op die inwoners gehef? Noem ten minste 5 verskillende belastings.
3. Hoe werk BTW?
4. Is alle produkte en dienste aan BTW onderhewig? Gee besonderhede.
5. Wie moet vir BTW registreer?

Gevra:

- 12.1.1 Jou onderwyser sal julle in pare indeel en julle moet 'n onderhoud voer – een persoon vertolk die rol van die SAID-werknemer en die ander persoon vertolk die rol van die toekomstige entrepreneur, daarna moet julle rolle ruil.
- 12.1.2 Gebruik die volgende maatassesseringsvorm om sy/haar kennis te bepaal.

Maatassesseringsvorm

Elke leerder moet sy/haar maat assessee om te bepaal of hulle die verduidelikings wat aan hulle gegee is, verstaan.

KRITERIA	JA – toon begrip	NEE - gebrek aan kennis
Redes waarom die Suid-Afrikaanse Regering belastings hef.		
Noem en bespreek kortliks ten minste 5 verskillende vorme van belasting wat in Suid-Afrika gehef word.		
Begryp dat BTW gehef word op goedere en dienste in hierdie land.		
Begryp dat BTW op die meeste verkope aangeteken word.		
Begryp dat BTW op die meeste aankope aangeteken word.		
Begryp dat die bedrag verskuldig aan SAID of terugontvangbaar is, die verskil tussen BTW wat van debiteure ingevorder word (soos verkope) en BTW betaalbaar aan verskaffers vir goedere en dienste aangekoop (teruggeëis) is.		
Kan onderskei tussen standaard, nulkoers en vrygestelde items.		
Begryp watter verkoper as 'n BTW-handelaar moet registreer.		
Begryp dat sommige handelaars vrywillig registreer vir BTW.		

- 12.1.3 Daarna gebruik jy jou eie assesseringsvorm om vas te stel waar die leemtes in jou kennis is en maak dan seker dat jy die kennis wat ontbreek, inhaal – vra jou onderwyser vir hulp.

DIE ALGEMENE BEGINSELS VAN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE


BTW is veronderstel om die mees deurlopende belasting van alle belastings wat in Suid Afrika gehef word, aangesien dit vir alle persone geld. Geen persoon, ongeag hoe min hy verdien, word van BTW vrygestel nie. Baie mense redeneer dat BTW die regverdigste belastingstelsel is.

BTW word gehef op die lewering van goedere of dienste deur 'n verkoper (d.i. 'n verskaffer). Die algemene reël is dat 'n verkoper die verbruiker met 'n standaardkoers (tans 15%) BTW belas op die prys van artikels of dienste gelewer. Hierdie % word deur die regering gekontroleer en kan enige tyd deur die Minister van Finansies aangepas word. Die verkoper trek die bedrag van BTW wat hy aan sy verskaffers betaal het, af wanneer goedere en dienste verkry is. Daar word van die verkoper verwag

om die verskil elke tweede maand aan SAID oor te betaal. Dit verteenwoordig belasting op toegevoegde waarde van sy onderneming. Soos ons hieronder sal sien, is die stelsel nie so eenvoudig nie, maar dit is 'n effektiewe metode waarop SAID die verskuldigde belastinginkomstes, kan insamel.

Indien 'n handelaar se **omset** tans meer as **R1 miljoen** in 'n jaar is, moet hy as 'n BTW-handelaar geregistreer word. Soos vroeër genoem, kan die Minister van Finansies die drempelwaarde verander soos wat die omstandighede van die land verander. Die BTW koers wat gebruik word was 14%. Dit is verander na 15% vanaf ingang 1 April 2018.

Hoe raak BTW die verbruiker?



BTW word gehef op goedere en dienste. Die foie wat deur 'n advertensie-onderneming of 'n rekenmeester gevra word, is ook onderhewig aan BTW. BTW word op enige aktiwiteit gehef wat gereeld of deurlopend deur ondernemings, handelaars, vervaardigers, professionele persone of klubs uitgevoer word.


Voorraad waarop nie BTW gehef word nie, sluit in:

- Privaat verkope van persoonlike of huishoudelike items.
- Stokperdjies of enige privaat ontspanningsaangeleentheid (tensy dit 'n besigheid is).
- Salarisse en lone.
- Voorrade wat van BTW vrygestel is, of dit wat nulkoers (sien onder) is. (Hierdie lys kan gereeld verander na goeddunke van die regering, gebaseer op die terugvoer van die publiek.)

BTW BEREKENINGE:

Dit is nodig om van die begin af te bepaal of die syfers vir verkope en aankope BTW insluit (inklusief) of uitsluit (eksklusief).

Kom ons kyk hoe die BTW deur die kleinhandelaar vasgestel word:



Kom ons kyk na die verskillende pryse soos in die voorbeeld:

Kosprys	R23,00*
Verkoopsprys (BTW eksklusief)	43,00
BTW	6,45
Gemerkte prys (BTW inklusief)	R49,45

*LW: Indien die kleinhandelaar 'n BTW verskaffer is, sal hy R26,45 (BTW inklusief) betaal en sal geregtig wees om R3,45 terug te eis van SAID.



Skandeer die kode vir 'n verduideliking oor die berekening van eksklusiewe en inklusiewe BTW

Let op die verskil tussen die eksklusiewe (uitgesluite) en inklusiewe (ingesluite) prys d.i.

Inklusief = prys **sonder** BTW

Eksklusief = prys **met** BTW bygevoeg m.a.w. gemerkte prys

Gevra:

Voltooi die volgende tabel:

Nr.	Kosprys	Winsopslag Bedrag / %	Eksklusief: Verkoopsprys	BTW (15%)	Inklusief: Verkoopsprys
12.2.1	R25	R20	R45	R6,75	R51,75
12.2.2	110	25			
12.2.3	280	10%			
12.2.4	540		648		
12.2.5		25%	875		

INKLUSIEWE PRYSE

Indien die verkoopsprys wat gekwoteer is, die BTW-inklusiewe bedrag is en die BTW of die bedrag BTW uitgesluit bereken moet word, moet die volgende formule gebruik word:

$$\begin{aligned} \text{VERKOOPSPRYS} \times \frac{15}{115} &= \text{BTW BEDRAG} \\ \text{VERKOOPSPRYS} \times \frac{100}{115} &= \text{EKSKLUSIEWE BEDRAG} \end{aligned}$$

TAAK 12.3

Bereken BTW uit die BTW inklusiewe bedrag

Gevra:

Voltooi die volgende tabel:

Nr.	Eksklusief: Verkoopsprys	BTW (15%)	Inklusief: Verkoopsprys
12.3.1			R552
12.3.2			828
12.3.3			92
12.3.4			897
12.3.5			529

TAAK 12.4

Bereken BTW uit BTW inklusiewe en eksklusiewe bedrag

Gevra:

Voltooi die volgende tabel:

Nr.	Kosprys	Winsopslag	Eksklusief Verkoopsprys	BTW (15%)	Inklusief Verkoopsprys
12.4.1	R430	20%			
12.4.2		30%	R494		
12.4.3	R720				R1 242
12.4.4		R66,60	R795		
12.4.5		R265			R1 495

TAAK 12.5

BTW berekeninge en interpretasie

Inligting:

Die Suid-Afrikaanse Regering voorsien noodsaaklike dienste aan die hele bevolking. Om inkomste hiervoor te genereer, hef die regering verskillende tipes belastinge in Suid-Afrika. Een van die belastinge wat op die verskaffing van goedere en dienste gehef word, is belasting op toegevoegde waarde.(BTW).

Gevra:

- 12.5.1 Noem drie ander vorme van belastinge wat in Suid-Afrika gehef word.
- 12.5.2 Wat is die huidige BTW-koers in Suid-Afrika?
- 12.5.3 Watter regeringsminister het die mag om die BTW-koers aan te pas?
- 12.5.4 Verduidelik kortliks die volgende begrippe in verband met BTW.
- Standaardkoers items
 - Nul-koers items
 - BTW-eksklusiewe items
- 12.5.5 Toon in die onderstaande tabel aan of die volgende standaardkoers, nul-koers of BTW-eksklusiewe items is. Plaas 'n X in die betrokke kolom.

GOEDERE/ DIENSTE	Standaard-koers	Nul-koers	BTW eksklusief
Huur betaal op 'n buitegebou vir huis-houdelike gebruik			
Hotel akkommodasie			
Wit brood			
Rys			
Mielierys			
Skoolfonds			
Water en elektrisiteit			
Rente op lening			
Boontjies in tamatiesous			
Vrugte			

- 12.5.6 Verduidelik die volgende BTW verwante begrippe:
- BTW- inset
 - BTW-uitset
- 12.5.7 Voltooi die volgende tabel. Aanvaar dat alle goedere en dienste aan 15% BTW onderhewig is.

TRANSAKSIE	Waarde BTW uitgesluit	BTW-bedrag	Waarde BTW ingesluit
Kredietverkope	R16 200		
Kontantverkope			37 260
Kontantaankope van handelsvoorraad		3 405	
Kredietaankepe van handelsvoorraad			20 815
Goedere geneem deur die eienaar vir persoonlike gebruik	2 000		
Goedere teruggestuur aan handelaars		270	
Goedere teruggestuur deur klante	600		

Rekening van 'n debiteur afgeskryf			460
Korting toegestaan op kredietverkope	300		

12.5.8 Jou ma gee jou R150 en vra jou om kruideniersware by die plaaslike supermark te gaan koop. Nadat jy die aankope gedoen het, gee die kassier vir jou die volgende kontantverkope strokie.

MONA'S SUPERMARK (BTW REG. NR. 30071957/5805)		
20:01:20.9		
16:25		
Eiers	18,25	#
Witbrood	9,89	
Bruinbrood	7,20	#
Boontjies x 2	25,76	
Waspoeier	36,80	
2l vars melk	18,95	#
2l coke	18,40	
TOTAAL		A
VAT @ 15%		B
Bedrag aangebied	R150,00	
Kleingeld		??
<i>Items gemerk met # is nul-koers</i>		

Bestudeer die bostaande kontantverkope strokie noukeurig en beantwoord die volgende vrae:

- 12.5.8.1 Is Mona's Supermark 'n BTW-geregistreerde onderneming? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- 12.5.8.2 Bereken die bedrae wat aangedui moet word deur:
- A
 - B
- 12.5.8.3 Bereken die verkoopsprys van die waspoeier uitgesluit van BTW.
- 12.5.8.4 Bereken die kleingeld wat die kassier aan jou moes oorhandig het.

Skandeer die kode vir 'n verduideliking oor BTW-inset en BTW-uitset en die berekening vir die bedrag aan SAID of deur SAID verskuldig. Fokus op die boekstaving en nie die syfers nie.



FAKTUUR- OF ONTVANGSBASIS:


Daar is twee metodes om te bereken hoe BTW betaal en geëis moet word nl. **fakturebasis en ontvangsbasis**. Die norm is om op 'n fakturebasis te werk, behalwe as die verkoper anders versoek - dit sal outomaties van toepassing wees as 'n BTW-handelaar by SAID registreer.

Fakturebasis

'n Faktuurbasis impliseer dat BTW gehef word op kontant en krediet klante en is aan SAID verskuldig wanneer die faktuur uitgereik word. Jy verkoop byvoorbeeld goedere op krediet op 1 Junie 20.5 aan J. Mboni vir R100 + R15 BTW. Mboni ('n debiteur) betaal eers sy rekening op 10 Augustus 20.5. Daar word egter van jou verwag om BTW aan SAID in Julie (tweemaandeliks) te betaal, wat beteken dat jy die R15 BTW aan SAID in Julie sal moet betaal, alhoewel Mboni jou nog nie op daardie datum betaal het nie. Daar moet daarop gelet word, dat wanneer Mboni uiteindelik sy rekening van R115 betaal, behoort die hele bedrag aan die onderneming omdat die onderneming reeds die R15 aan SAID betaal het.

Ontvangsbasis

Deur dieselfde voorbeeld te gebruik, indien die besigheid die ontvangsbasis verkies, sal daar slegs van jou verwag word om die R15 BTW na 10 Augustus aan SAID te betaal (aangesien ons werk op 'n twee-maandelikse betalingsmetode) Dit beteken dat ons betaling eers in September gemaak moet word.



Indien Mboni 2 betalings gemaak het, d.i. 10 Augustus en 10 September vir R57,50 elk sal daar van jou verwag word om aan SAID slegs die gedeelte van die rekening wat betaal is, nl. R7,50 in September en die ander R7,50 in November te betaal (onthou ons betaal SAID slegs elke tweede maand).

Uit hierdie voorbeelde kan jy sien dat, indien jy volgens die faktuurbasis - wat die norm is - geregistreer is, moet jy die BTW betaal wanneer jy die faktuur uitreik, of op die naaste betalingsdatum daarna, al het jy nog nie die betaling ontvang nie.

Wanneer jy volgens die ontvangsbasis geregistreer is, hoef jy slegs te betaal wanneer jy betaling ontvang, ten volle of gedeeltelik.

Daar moet opgelet word dat, wanneer jy betaling aan SAID maak, dit 'n berekende bedrag is, d.i. die verskil tussen die BTW ingevorder van klante (op verkope) en dit wat betaal is aan diensverskaffers (vir aankope), wat jy kan terugeis. Indien jy op die FAKTUURBASIS werk, kan jy ook eis vir aankope, alhoewel jy nog nie betaal het nie, terwyl as jy op die ONTVANGSBASIS werk, kan jy slegs eis wanneer jy die betaling maak.

Die betaal (ontvangs) basis is daar om klein besighede met eenvoudige rekeningkundige stelsels te help en diegene wat dalk 'n kontantvloei tekort ondervind. Jy mag **nie** registreer vir die betalingsbasis nie indien:

- jou omset meer as R2,5 miljoen per jaar is nie. (onderhewig aan verandering deur die Minister van Finansies)
- jou besigheid 'n maatskappy, beslote korporasie, trust of vennootskap is waarvan die vennote nie almal natuurlike persone is nie
- Niewinsgewende verenigings en plaaslike besture mag egter op die ontvangsbasis wees, ongeag die omset.

Let wel:

Daar is alternatiewe in die hantering om die vermindering van BTW-inset en BTW-uitset te hanteer. Onderwysers word aangemoedig om 'n metode te gebruik wat die leerders kan volg. Die handboek gee net een voorbeeld - as u die alternatiewe metode gebruik, moet u dit aanpas waar nodig.



Skandeer vir 'n verduideliking vir die boekstaving van BTW in die grootboek. Fokus op die boekstaving en nie die syfers nie.

ONINBARE SKULD EN BTW

Indien jy 'n faktuur ter goeder trou by die berekening van jou BTW geprosesseer het en in jou BTW-opgawe ingesluit het en dit word oninbare skuld, dan word jy toegelaat om 'n afslag van jou BTW te eis, ingevolge afdeling 16 (3) van die BTW-Wet. Byvoorbeeld: Jy verkoop goedere op krediet aan 'n debiteur vir $R200 + R30 \text{ BTW} = R230$ in Augustus. September is jou tweemaandelikse betalings en ingesluit in jou betalings wat jy aan SAID maak, is die R30 (indien jy volgens die faktuurbasis werk). In die daaropvolgende maande skryf jy die skuld af aangesien die debiteur nie opgespoor kan word nie. In hierdie geval sal jy nie die R230 aan jou verskuldig, ontvang nie en daarom word daar nie van jou verwag om die R30 aan SAID oor te betaal nie. Aangesien jy reeds hierdie betaling gemaak het, kan jy 'n vermindering eis wat dan in die toekoms van jou betalings afgetrek sal word.

TAAK 12.6 Durban Handelaars (1): Oninbare skuld en etiek

Durban Handelaars het goedere op krediet aan B. Botha vir R13 570 op 16 Mei 20.1 verkoop. Die bedrag op die faktuur (nr. DB 143) sluit 15% BTW in. Die winsopslag op kosprys is 100%.

Op 3 Junie 20.1 het B. Botha aan Durban Handelaars 'n bedrag van R9 200 betaal.

Op 31 Augustus 20.1 is daar uitgevind dat B. Botha spoorloos verdwyn het en alle pogings om die uitstaande bedrag in te vorder het misluk. Daar word besluit om die balans deur B. Botha verskuldig af te skryf.

Bereken die volgende:

- 12.6.1 Die bedrag wat van die rekening van B. Botha wat afgeskryf moet word.
- 12.6.2 Die aangesuiwerde BTW-bedrag wat Durban Handelaars verantwoordelik is om aan die SAID te betaal rakende die verkoopsfaktuur, DB143.

TAAK 12.7 Durban Handelaars (2): Ontleding van transaksie m.b.t. Oninbare skuld en BTW

Verwys na Taak 12.6

Ontleed die volgende drie transaksies (BTW ingesluit) volgens die onderstaande opskrifte. Toon die effek van die transaksies op die rekeningkundige vergelyking en aanvaar dat die banksaldo gunstig is en die BTW-kontrolerekening te alle tye 'n las is.

- 12.7.1 Die kredietverkope aan B. Botha vir R13 570 op 16 Mei 20.1. Winsopslag op kosprys was 100%.
- 12.7.2 Die bedrag van R9 200 is van B. Botha op 3 Junie 20.1 ontvang as gedeeltelike betaling van sy rekening.
- 12.7.3 Die bedrag van R4 370 moet van die rekening van B. Botha op 31 Augustus 20.1 afgeskryf word.

Nr.	ALGEMENE GROOTBOEKREKENING		EFFEK OP DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING		
	Gedebiteer	Gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste

KORTING EN BTW

'n Korting is 'n vermindering van die basiese (verkoops-) prys van goedere of dienste. Daar is baie doeleindes/redes vir korting bv. om verkope te verhoog, om klante te beloon wat voor die tyd betaal, om klante te beloon wat handelaars is wat op grootmaat koop om dit dan te herverkoop aan kleiner klante, ens. Vir ons doel sal ons na twee vorme van korting kyk: handelskorting en korting vir stiptelike betaling.

Handelskorting: 'n Korting word aan 'n groothandelaars en kleinhandelaars gegee wat op grootmaat aankoop en herverkoop aan hulle klante. Die bedrag word op die faktuur of die kasregisterrol afgetrek en geen rekeningkundige inskrywing word in die boeke gemaak nie. 'n Vervaardiger of handelaar mag 20% handelskorting aan 'n klein handelaar aanbied en hierdie aftrekking is op die faktuur aangebring en die kleinhandelaar moet die netto bedrag betaal nadat die korting afgetrek is. Die 20% korting word nêrens in die rekeningkundige rekords geboekstaaf nie.

Korting op stiptelike betaling: Dit is 'n bedrag wat die besigheid toestaan aan debiteure wanneer hy/sy die rekening stiptelik vereffen volgens die kredietooreenkoms bv. binne 30 dae. Wanneer die stiptelike betaling van toepassing is, is die verskaffer wat die korting toestaan, geregtig om 'n aansuiwering te maak op die BTW-uitset belasting in die BTW-opgawe vir die belastingperiode wat die datum dek waarop die korting toegestaan is.

Net so moet die verskaffer wat die korting ontvang, verantwoording doen van uitset BTW in die BTW 201-opgawe of die totale bedrag van inset-BTW aftrek in die BTW-opgawe vir die belastingperiode waarin die korting toegestaan word.

VOORBEELD van korting toegestaan en die effek op BTW:

Op 7 Maart 20.1 verkoop TK Handelaars goedere op krediet aan 'n debiteur (B. Khoza) vir R3 450. Hierdie goedere is teen 'n winsopslag op kosprys van 50% verkoop en die verkoopsprys is inklusief met 15% BTW. B. Khoza sal 'n handelskorting van 10% op stiptelike betaling ontvang indien hy sy rekening binne 30 dae vereffen.

Op 28 Maart 20.1 ontvang TK Handelaars 'n bedrag van R3 105 van B. Khoza ter vereffening van sy skuld op 7 Maart 20.1 aangegaan.

Die volgende bewerkings toon die effek op die relevante grootboekrekening en die aanspreeklikheid ten opsigte van BTW:

**ALGEMENE GROOTBOEKREKENING VAN TK HANDELAARS
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt.					Debiteurekontrole (B. Khoza)					B	Kt.
20.1					20.1						
Mrt.	7	Verkope		3 000	Mrt.	28	Bank				3 105
		BTW uitset		450			<i>Korting toegestaan</i>				300
							BTW uitset				45

					Handelsvoorraad					B	
					20.1						
					Mrt.	7	Koste van verkope				2 000

					BTW Uitset					B	
20.1					20.1						
Mrt.	28	Debiteurekontrole		45	Mrt.	7	Debiteurekontrole				450

					Bank					B	
20.1											
Mrt.	28	Debiteurekontrole		3 105							

NOMINALE REKENINGE-AFDELING

					Verkope					N	
					20.1						
					Mrt.	7	Debiteurekontrole				3 000

					Koste van verkope					N	
20.1											
Mrt.	7	Handelsvoorraad		2 000							

					Korting toegestaan					N	
20.1											
Mrt.	28	Debiteurekontrole		300							

Kommentaar op bewerkings:

- Die oorspronklike verkope was R3 000 en die BTW betaalbaar was 15%, d.i. 15% van R3 000 = R450 en daarom skuld die debiteur R3 450.
 - Die bedrag betaalbaar is R3 450 minus 10% = R3 105 en die korting is R345.
 - Ingesluit in die korting is egter BTW van $345 \times \frac{15}{115} = R45$. Die R45 kan van die SAID teruggeëis word. In jou grootboekrekening sal jy dit aftrek van die BTW-uitsetrekening. 'n Alternatief is om die BTW-insetrekening te debiteer (tel by). Beide metodes is aanvaarbaar. Ons beveel aan dat jy jou onderwyser se riglyne in die verband volg.
- Die BTW betaalbaar na die aansuiwering is daarom R405 wat R450 minus R45 is.

- Die bostaande voorbeeld toon die effek op die BTW-uitsetrekening – dit verminder die bedrag verskuldig aan die SAID.
- Die bestaan van korting het die effek dat dit laste ten opsigte van BTW verminder, maar aan die anderkant het die ontvang van korting die effek dat dit laste ten opsigte van BTW vermeerder.

TERUGSENDINGS EN BTW

Kredietnotas word om verskillende redes deur 'n verskaffer uitgereik bv. na 'n belastingfaktuur uitgereik is gevolglik is daar 'n vermindering in die verskuldigde bedrag. 'n Voorbeeld hiervan is as foutiewe/beskadigde goedere aan 'n verskaffer teruggestuur is of as handelsvoorraad weggelaat is. As 'n verskaffer 'n kredietnota uitreik, moet die verskaffer die BTW aansuiwer. Die verskaffer wat die kredietnota ontvang, moet 'n aansuiwering aan BTW-inset maak. Daar moet van hierdie aansuiwerings verantwoord word in die BTW-terugsendings vir die belastingperiode waarin dit plaasgevind het m.a.w. die belastingperiode waarin die kredietnota deur die verskaffer uitgereik is.

As 'n verskaffer 'n debietnota uitreik, moet die verskaffer 'n aansuiwering aan die belastinguitset maak.

Daar moet van hierdie aansuiwerings in die BTW-terugsendings verantwoord word vir die belastingperiode waarin die verhoging plaasgevind het m.a.w. in die belastingperiode waarin die debietnota deur die verskaffer uitgereik is.

VOORBEELD van verkooperterugsendings en die effek op BTW:

Op 25 Junie 20.1 het 'n debiteur, M. Michael, beskadigde goedere ter waarde van R345 teruggestuur. Die waarde van die goedere het die BTW van 15% ingesluit.

Die volgende bewerkings toon die effek op die betrokke grootboekrekeninge en die verantwoording t.o.v. BTW:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN TK HANDELAARS

Dt.					Debiteurekontrole (M. Michael)					Kt.				
20.1					20.1					20.1				
Junie	1	Saldo	a/d	XXX	Junie	25	Debiteure-afslag							300
							BTW Uitset							45

Debiteure-afslag

20.1									
Junie	1	Totaal	a/b	XXX					
	25	Debiteurekontrole		300					

BTW Uitset

20.1					20.1				
Junie	25	Debiteurekontrole		45	Junie	1	Saldo	a/d	XXX

Kommentaar op bewerkings:

- Die debiteure-afslag van R345 sluit BTW van R45 in (d.i. $R345 \times \frac{15}{115}$).
- Die terugsending van goedere deur 'n debiteur het die effek dat dit die onderneming se aanspreeklikheid t.o.v. BTW verminder aangesien die verskaffer nie die bedrag van die debiteure-afslag aan die SAID verskuldig is nie.

VOORBEELD van aankoop terugsendings en die effek op BTW:

Ontvang 'n kredietnota vir R2 875 van krediteur, Reddy Handelaars, op 17 September 20.1 vir foutiewe goedere wat vroeër die maand teruggestuur is. Die bedrag van R2 875 het BTW van 15% ingesluit.

Die volgende bewerkings toon die effek op die betrokke grootboekrekening en die aanspreeklikheid t.o.v. BTW:

ALGEMENE GROOTBOEKREKENING VAN TK HANDELAARS

Dt. Krediteurekontrole (Reddy Handelaars)					Kt.				
20.1					20.1				
Jun.	17	Handelsvoorraad		2 500	Sept.	1	Saldo	a/b	XXX
		BTW Inset		375					

Handelsvoorraad

20.1					20.1				
Jun.	1	Saldo	a/b	XXX	Sept.	17	Krediteurekontrole		2 500

BTW Inset

20.1					20.1				
Sept.	1	Saldo	a/b	XXX	Sept.	17	Krediteurekontrole		375

KOMMENTAAR OP BEWERKINGS:

- Die krediteure-afslag van R2 875 het BTW van R375 (d.i. $R2\ 875 \times \frac{15}{115}$) ingesluit.
- Die terugsending van goedere aan 'n krediteur het die effek dat dit die onderneming se aanspreeklikheid t.o.v. BTW **verhoog** aangesien hulle aanvanklik BTW teruggeëis het op hierdie bedrag, maar dit moet nou omgekeer word.

TAAK 12.8

Eshowe Groothandelaars: Verskil tussen handelskorting en korting vir stiptelike kontantbetaling

Eshowe Groothandelaars verkoop goedere aan handelaars en verbruikers. Hulle kortingbeleid is 30% handelskorting aan slegs handelaars en 'n 10% korting aan enige klant wat sy rekening kontant ten volle vereffen binne 30 dae na aankope. Eshowe Groothandelaars laat klante 90 dae toe om hul rekening te vereffen en daarna hef hulle rente op agterstallige rekeninge teen 24% p.j.

Tulani Kleinhandelaar koop goedere op krediet ter waarde van R40 000 van Eshowe Groothandelaars op 18 Julie 20.1.

- 12.8.1 Bereken die totale bedrag wat Tulani Kleinhandelaars aan Eshowe Groothandelaars op 25 September 20.1 sal betaal.
- 12.8.2 Bereken die totale bedrag wat Tulani Kleinhandelaars aan Eshowe Groothandelaars sal betaal as hulle die volle bedrag op 15 Augustus 20.1 betaal.
- 12.8.3 Bereken die derde en finale bedrag wat Tulani Kleinhandelaars aan Eshowe Groothandelaars op 18 Desember 20.1 sal betaal as hulle twee betalings op die volgende datums

gemaak het:

- 'n Eerste betaling van R15 000 op 29 Julie 20.1.
- 'n Tweede betaling van R8 000 op 31 Augustus 20.1.

TAAK 12.9

Smit Handelaars: BTW en verkoop-terugsendings

Die volgende saldo's/totale is uittreksels uit die grootboek van Smit Handelaars op 1 Januarie 20.1.

- Debiteurekontrole R25 000
- BTW Uitset R4 000 (Kt.)
- Debiteure-afslag R2 100

Op 8 Januarie 20.1 het 'n debiteur, P. Pause, foutiewe goedere ter waarde van R1 725 teruggestuur. Hierdie bedrag het 15% BTW ingesluit.

Jy moet die Debiteurekontrole, Debiteure-afslag en BTW-kontrolerekening in die Algemene Grootboek van Smit Handelaars oopmaak en toon hoe die transaksie van 8 Januarie in hierdie rekening sal verskyn.

TAAK 12.10

Ixopo Handelaars: BTW en aankoop-terugsendings

Die volgende saldo's/totale is uittreksels uit die grootboek van Ixopo Handelaars op 1 Augustus 20.1.

- Krediteurekontrole R38 000
- BTW-Inset R9 000 (DR)
- Handelsvoorraad R18 800

Op 2 Augustus 20.1 het Ixopo Handelaars foutiewe goedere ter waarde van R2 530 aan die krediteur, W. Rooney teruggestuur. Die bedrag het BTW van 15% ingesluit.

Jy moet die Krediteurekontrole, Handelsvoorraad en BTW-kontrolerekening in die Algemene Grootboek van Ixopo Handelaars oopmaak en toon hoe die transaksie van 2 Augustus in hierdie rekening sal verskyn.

TAAK 12.11

Transaksie analise op terugsendings en BTW

Analiseer die volgende transaksies volgens die onderstaande opskrifte. Die bedrae wat gegee word, is **BTW-uitgesluit**. Toon die effek van die transaksies op die rekeningkundige vergelyking en aanvaar die bankbalans is gunstig en die BTW-kontrolerekening is te alle tye 'n las.

Transaksies van Barcelona Handelaars:

- 12.11.1 Verkoop goedere op krediet aan debiteur, L. Messi vir R3 000. Winsopslag op kosprys was 50%.
- 12.11.2 Reik 'n kredietnota uit aan L. Messi, R900, vir goedere teruggestuur.
- 12.11.3 Koop handelsgoedere aan op krediet van Madrid Handelaars vir R16 000.
- 12.11.4 Ontvang 'n kredietnota van Madrid Handelaars vir beskadigde goedere wat teruggestuur is, R2 500.

Nr.	ALGEMENE GROOTBOEKREKENING		EFFEK OP DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING		
	Gedebiteer	Gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste

TAAK 12.12 Soweto Handelaars: Berekening van saldo in BTW-kontolerekening

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords van Soweto Handelaars vir Maart 20.1.

- Saldo verskuldig aan die SAID op 1 Maart 20.1 ten opsigte van BTW R3 500.
- Totale uittreksel van sommige hulpjoernale op 31 Maart 20.1. Hierdie totale sluit **nie** BTW in **nie**.

Kredietverkope van handelsvoorraad	R28 000
Krediet aankope van handelsvoorraad	29 000
Kontantverkope van handelsvoorraad	52 000
Kontant en tjeks ontvang van debiteure ter betaling van rekeninge	23 800
Kontantaankope van handelsvoorraad	21 000
Tjeks uitgereik aan krediteure ter betaling van rekeninge	18 700
Tjek betaling aan die SAID as gedeeltelike betaling vir BTW	7 200
Terugsendings van handelsvoorraad aan krediteure	4 800
Terugsendings van handelsvoorraad deur debiteure	3 600
Oninbare skuld afgeskryf vir die maand	2 900
Korting toegestaan aan debiteure vir stiptelike betaling	4 400
Korting ontvang van krediteure vir stiptelike betaling	3 500

Gebruik die bostaande inligting om die bedrag wat aan of deur die SAID verskuldig is t.o.v. BTW soos op 31 Maart 20.1 te bereken.

NOTA OOR ETIEK EN INTERNE KONTROLE

Die artikels en gevallestudies hieronder mag gedateer wees, maar is steeds relevant om die insidente, onetiese aktiwiteite en bedrog wat met BTW en belasting in die algemeen geassosieer kan word, uit te lig.

Onderwysers en leerders word aangemoedig om koerante gereeld te lees en die internet te gebruik om meer te leer van huidige kwessies rakende die belastingwette.



Jou boekhouer het jou genader met 'n skema wat hy glo onfeilbaar is. Indien skuld afgeskryf word, word jy vrygestel daarvan om die BTW wat jy vir die debiteur gehef het, aan die SAID te betaal. Hy stel voor dat jou onderneming jaarliks onwettig skuld afskryf; dus sal dit beteken dat julle die geld in julle sak kan steek. As die skuld groot genoeg is, kan dit 'n aansienlike bedrag vir die onderneming wees.

Jou boekhouer glo dat die SAID julle nie sal vang nie, mits julle nie te veel in een jaar afskryf nie. Die SAID maak voorsiening vir die feit dat slegte skuld 'n onvermydelike probleem van 'n besigheid is en solank jy die vereiste vorms voltooi, sal jy nie gevang word nie.

Wat sal jou reaksie wees? Jou boekhouer is hoogs intelligent en het 'n uitstekende loopbaan in die sakewêreld. As wat hy sê waar is, kan dit beteken dat jy groot bedrae geld in jou sak kan steek en dit sal boonop belastingvry wees. Aangesien jou ma tans baie siek is en jy baie groot mediese uitgawes vir haar het, sal dit jou werklik baie help.

Verduidelik aan die boekhouer wat jou filosofie is met betrekking tot hierdie saak en gee geldige bewyse om jou besluit te staaf.

BOETES VIR BELASTINGONTDUIKING EN BEDROG

'n Uittreksel uit die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet van 1991 stipuleer die volgende:

“Enige persoon wat doelbewus die betaling van belasting gehef onder hierdie wet ontduik of 'n terugbetaling ontvang onder hierdie wet waarop hy nie geregtig is nie, of hulp verleen aan 'n ander persoon om die belasting betaalbaar te ontduik of 'n terugbetaling van belasting onder hierdie wet te verkry, waarop sodanige persoon nie geregtig is nie, sal skuldig wees aan 'n misdryf en by skuldigebevinding, strafbaar wees met 'n boete of gevangenisstraf van nie langer as 60 maande nie”.




Eenvoudig gestel beteken dit dat, indien jy bedrog pleeg deur nie jou verskuldigde belasting gedeeltelik of ten volle betaal nie, of 'n terugbetaling eis waarop jy nie geregtig is nie, is jy skuldig aan 'n misdryf. Indien jy iemand help om dieselfde bedrog te pleeg, is jy ook skuldig.

BTW is betaalbaar op die 25ste van die volgende maand op 'n twee-maandelikse basis d.i. sommige ondernemings sal in die gelyke maande en ander in die ongelyke maande betaal. Indien jy nie op die betaaldatum betaal nie, sal jy met 10% rente op die BTW belas word plus 1,1% rente per maand vanaf die 1ste dag van die maand wat volg op die maand na die maand waarop die belasting verskuldig is of 'n gedeelte van 'n maand.

VOORBEELD:

Mnr. Brown moet sy belastingopgawe en betaling van R4 000 ten opsigte van Junie en Julie op die 25 ste Augustus ingee. Hy dien dit egter eers op 4 September in. Sy boete en rente wal as volg bereken word:

10% boete op R4 000	R400
1,1% rente per maand of deel van maand op R4 000	44
Totale boete plus rente	R444
TOTALE BEDRAG WAT BETAAL MOET WORD R4 000 + R444	R4 444

TAAK 12.14 **Etiek en bedrog**

Lees die volgende uittreksel uit 'n verslag in die koerant en beantwoord die vrae wat volg:

SKERPIOENE SLAAN TOE OP BTW BEDROG

Die Skerpioene het 'n klopjag op 'n aantal Durbanse besighede en huise vroeg Woensdagoggend uitgevoer en toegeslaan op 'n sindikaat wat van Belasting op Toegevoegde Waarde bedrog verdink word, het die Direkoraat van Openbare Vervolgings gesê.

'n Woordvoerder, Sipho Ngwena, het gesê die Skerpioene is deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ingelig oor 'n sindikaat van maatskappye wat by bedrog betrokke is - dis aanvanklik is op R15 miljoen geskat.

Verdere ondersoeke het aan die lig gebring dat 31 maatskappye aan die sindikaat gekoppel is en hulle is by bedrog van ongeveer R41 miljoen betrokke.

Ngwema sê die meeste van die maatskappye in die sindikaat was fronte en dat die volume sake wat hulle gedoen het, nie die bedrag wat hulle by die SAID teruggeëis is, kon waarborg nie.

Die Skerpioene het op die huise van twee SAID BTW-ouditeure toegeslaan wat na bewering die sindikaat bygestaan het met die bedrog teen SAID.

Die ander persele waarop toegeslaan is, sluit huise en ondernemings wat deur die sindikaat gebruik is in.

Die ander persele waarop toegeslaan is, sluit huise en ondernemings wat deur die sindikaat gebruik is in.

Die Skerpioene, algemeen bekend as die Direkoraat van Spesiale Ondersoeke, het tydens die klopjag op duisende rande en VSA dollars, dokumente en rekenaars beslag gelê.

PROKUREUR VERSKYN VIR BELASTING, BTW BEDROG

'n Gautengse prokureur het vlugtig in die Johannesburg se streekshof op Dinsdag op aanklag van bedrog van belasting en Belasting op Toegevoegde Waarde van ongeveer R5 miljoen verskyn.

Die staat beweer dat die prokureur sy finale inkomste tussen 1994 tot 1998 vir minder as wat dit werklik was, verklaar het. Sy totale inkomste was R2 780 991. Die staat het ook beweer dat BTW in 1994 – 2000 te min verklaar is.

Gevra:

Gebruik die bostaande 2 uittreksels uit die koerant en bespreek die volgende onderwerpe in julle groepe:

- Hoekom dink julle pleeg mense bedrog?
- Hoe slaag hulle daarin om SAID te bedrieg?
- Bespreek die volgende slagspreuk soos weergegee deur SAID "Jou belasting les die nasie se dors" en die invloed van bedrog op die land. Doen verslag aan die klas.

TAAK 12.15



Gevallestudie: Interpretasie en belastingbedrog

Verwys na die onderstaande artikel en antwoord die daaropvolgende vrae:

**DIE VOLGENDE ARTIKEL IS UIT DIE
DAILY NEWS 17 NOVEMBER 20.8 GENEEM
(Name en sommige besonderhede is verander)
ARTIKEL: BELASTINGMAN VLEK BTW BEDROG OOP**

SAID het 'n verskeidenheid van nuwe sekuriteitsmaatreëls aangekondig om BTW bedrog uit te roei, aangesien dit 'n 'ontstellende toename' in die afgelope ses maande getoon het. Daar is selfs oorweeg om vingerafdrukke van diegene wat registreer vir BTW en ander belasting, te neem en die kundigheid van die rekenmeester liggame is gesoek om die probleem die hoof te bied.

Presiese verliese moet nog saamgestel word, het woordvoerder Gugu Smit gesê, maar die skaal van bedrog was massief. Ondersoeke in klein ondernemings met 'n klein omset, diegene wat hulle registreer, en die moontlike instelling van biometrie (vingerafdruk skandering) kom nadat SAID-ondersoekbeamptes bevind het dat hierdie ondernemings gebruik word om BTW terugbetalings te eis.

"Ons is steeds besig om die syfers te kwantifiseer, maar vind dat ernstige misbruik plaasgevind het," het Smit gesê. "Dit is moeilik om die hoeveelheid vas te stel, want ons het tussen 700 000 en 800 000 BTW verkopers en ons het net 'n beperkte hoeveelheid wat ondersoek instel. Maar ons betaal tussen R20 miljard en R30 miljard 'n maand aan die BTW terugbetalings, so daar is 'n moontlik om baie te verloor weens bedrog," het hy gesê.

In die sentrum van SAID se bekommernis is klein ondernemings wat vir BTW registrasie aansoek doen, maar wat 'n omset van minder as R20 000 'n jaar het.

Hoewel daar geen wetgewing is wat verhoed dat hulle registreer nie, het ondersoekbeamptes bevind dat verkeerde registrasie besonderhede in 'n poging om die BTW-stelsel te bedrieg op-gegee is.

"Verkopers met 'n omset van minder as R20 000 per jaar is vir BTW geregistreer ten spyte daarvan dat hulle onder die wetgewende drumpel is, en ons sien 'n toename in registrasies deur klein ondernemings met nul of baie min omset. In die uitvoer van

opvolg verifikasies, vind ons dat baie BTW-verkopers nie opgespoor kan word deur gebruik te maak van die kontak-besonderhede wat voorsien is nie en hul sakepersele is vals of beset deur ander besighede," het Smit gesê.

Alle besighede wat reeds geregistreer is en verklaar het dat hul minder as R20 000 in omset die afgelope 12 maande gehad het, se BTW-registrasie sal nou opgeskort word en hulle mag slegs herregistreer word sodra hulle hul herstel kan motiveer, het SAID gesê.

Suid-Afrika se belastingstelsel is gebaseer op self-verklaring en hang tot 'n groot mate af van die integriteit van die belastingbetalers vir 'n volledige, akkurate en eerlike openbaarmaking en om al die verskuldigde belasting te betaal," het Smit gesê. "Die oorgrote meerderheid van BTW-verkopers is inskiklik en ons dank hulle vir die maak van hul billike bydrae tot die staatskas."

Maar SAID se monitering van BTW-registrasies en terugbetalings in die afgelope ses maande het 'n onrusbarende toename in die oneerlike registrasies en ander pogings om die BTW-stelsel te bedrieg, aan die lig gebring.

"SAID oorweeg ook die implementering van addisionele bewyslewering, insluitend die gebruik van biometriese toetse (vingerafdruk aansoekers) vir BTW en ander belastingregistrasies. In Suid-Afrika en internasionaal groei die gebruik van biometrika as 'n veiligheidsmeganisme en SAID ondersoek hierdie as 'n langtermyn oplossing," het Smit gesê.

SAID het met verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geotrooieerde Rekenmeesters en die Suid-Afrikaanse Instituut van Professionele Rekenmeesters vergader om samewerking te bespreek en om maniere te vind om die stelsel te beskerm, terwyl die doeltreffendheid behou word. Ons is baie bemoedig deur die ondersteuning van hierdie verteenwoordigende liggame," het Smit gesê.

In Durban is die mediese dokter Tulani Colin Khan verlede week 'n 10-jaar vonnis in geheel opgeskort vir vyf jaar opgelê, nadat hy skuldig gepleit het op 11 aanklagte van BTW-bedrog en twee aanklagte van inkomstebelasting bedrog. Hy het sy inkomste met miljoene te laag opgegee. Khan is ook beveel om R1,5 miljoen terug te betaal en 1000 uur gemeen-skapsdiens te verrig by 'n hospitaal in Durban wat MIV-pasiënte behandel.

Vrae:

- 12.8.1 Gee die verklarings van die volgende akronieme (letterwoorde).
 - SAID
 - BTW
 - SAIGR
 - SAIPR
- 12.8.2 Verduidelik kortliks EEN funksie van SAIGR.
- 12.8.3 Verduidelik wie en wat 'n BTW-verkoper is.
- 12.8.4 Wat is die minimum jaarlikse omset wat vir BTW registrasie vereis word?
- 12.8.5 Hoeveel betaal SAID maandeliks uit vir BTW-eise?
- 12.8.6 Verduidelik kortliks wat jy verstaan onder die term "biometrie verifikasie".
- 12.8.7 Waarop is Suid-Afrika se belastingstelsel volgens Gugu Smit gebaseer? Noem ten minste DRIE elemente.
- 12.8.8 Volgens bostaande artikel, hoe pleeg besighede BTW bedrog?
- 12.8.9 Hoe het SAID bedrog opgespoor in die geval van dr. Tulani Colin Khan?
- 12.8.10 Stem jy saam met die straf wat hom opgelê is? Gee EEN rede vir jou antwoord.

12.8.11 Dink jy dat koerante toegelaat moet word om besonderhede van hofsake rakende bedrog en korrupsie wat deur privaat individue, sakemanne en regeringsamptenare gepleeg is, te publiseer?

Skryf jou antwoorde onder die volgende opskrifte:

Nr.	Bedrog deur	Ja / Nee	Rede
A	Privaat Individu		
B	Sakelui		
C	Regeringsamptenare		

KONTROLELYS

Vaardighede	Ja – bereik	Verdien meer aandag	Voltooi
Verstaan die nodigheid van belasting.			
Verstaan hoe BTW werk.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys wat gekwoteer is eksklusief is.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys wat gekwoteer is inklusief is.			
Verstaan die verskil tussen faktuur en ontvangste basis vir die betaling van BTW.			
Waardeer die boetes rakende bedrog en ontduiking.			
Waardeer die invloed op die ekonomie indien belastingontduiking plaasvind.			